Die bedreigde lewe van die Middelaar

Teks: Matteus 2: 13 - 18 & Sondag 15
Teksvers: Matteus 2: 16

1. Inleiding

Wanneer ons vandag die term volksmoord hoor, is dat daar ver tussen volke wat formeel en aktief in oorlog gewikkel is. Daarom kan ons, onsself dikwels nie mooi in dink hoe dit moet wees nie. Swaar tye is nie onbekend aan ons nie. Maar selfs vandag se swaarkry is darem nog nie die volksmoord wat selfs ons voorgeslagte ’n paar generasies terug in konsentrasiekampe beleef het nie. Maar hierdie praatjies is nie sommer politieke praatjies of ‘n geskiedenisles vanoggend nie.

Nee ons Here Jesus Christus staan reg in die middel van hierdie onderwerp. Want alhoewel ons nie baie lees in Bybel oor die kinderdae van die Here nie, lees ons die paar verse uit Matteus 2. En hierdie verse uit Matteus 2 wat vandag ons teksgedeelte vorm, openbaar aan ons dat Jesus in Sy kinderdae, ja sy babadae so ’n volksmoord beleef het. Kort na Sy geboorte sien ons hierdie wrede geskiedenis rondom Jesus en Sy ouers afspeel.

Wat ons nie so mooi verstaan nie word in die kategismus vir ons duidelik gemaak. In Sondag 15 lees ons in vraag 37, dat Jesus se hele lewe op aarde onder die toorn van God geskied het. Dit het gebeur oor die sonde van die mens. Maar dit is maar net die een kant van die bedreiging. Ook die bose het Christus aangeval en uit die weg probeer ruim te alle koste. Tussen hierdie twee onversoenbare gebiede tref ons die Middelaar aan. Ons Here Jesus Christus wat as middelaar kom versoening bring op hierdie onversoenbare gebied.

Kom ons gaan vind ons troos weer vanoggend aan die voete van die Middelaar.

2. Herodes se volksmoord

’n Mens sou seker kon argumenteer dat ons nie regtig met volksmoord te doen het, in ons teksgedeelte vandag nie. Want volksmoord is tog die gedagte van een etniese groep of dan volk, wat ’n ander etniese groep of volk totaal uitmoor. En in die eerste plek is dit nie iemand anders hier nie. Hier is dit Herodes wat sy eie volk en etniese groep uitmoor. Sy opdrag in ons teksgedeelte is om al die seuntjies van twee jaar en jonger dood te maak. Met ander woorde ’n hele generasie mans gaan verlore.

Vir ons klink dit soos onmenslike barbaarse optrede tog was hierdie optrede nie so vergesog vir Herodes nie. Hy word in ander geskiedenisboeke geken as iemand wat ’n ander gewilde mededinger, ’n hoëpriester per ongeluk laat verdrink het. Selfs twee van sy eie seuns het hy laat vermoor omdat hulle verkeerdelik daarvan beskuldig is dat hulle sy troon wou oorneem. Hy het ook ’n derde seun laat vermoor omdat hy wel planne gehad het om die troon oor te neem. Hy was so wreed dat daar ’n gesegde geheers het wat gelei het: “ Dit is beter om een van Herodes se varke te wees, as een van sy seuns.

Maar ons teksgedeelte maak dit uiteindelik baie duidelik dat hierdie wrede optrede van Herodus een definitiewe teiken gehad het. Herodes het agter gekom dat die sterrekykers hom in die steek gelaat het, volgens ons teksvers. Hy weet hulle het gegaan om eer te bewys aan ’n nuwe koning. Sy troon was weereens in gevaar. En selfs al sou dit beteken dat al die ander seuns van 2 jaar en jonger in Rama moet sterf, sal Herodes hierdie koning doodmaak. Terwyl hy nog ’n baba is en voor hy enige invloed kan hê. Maar uiteindelik is God in beheer en nie Herodes nie.

3. Die offer moet nog ontwikkel

Tog kan ons nie help om te vra, waarom Christus dan nie as baba saam met die ander seuns in Rama sterf nie. Want ons sien duidelik Goddelike ingryping raak in hier. Ons lees in vers 13, hoe dat die Here met Josef praat in ’n droom en opdrag gee om Jesus en Sy moeder te verwyder uit die gevaar uit. En net soos Moses bewaar word tussen al die ander israelitiese seuns wat deur die Farao vermoor is, net so word Christus bewaar uit die mag van Herodes. Maar waarom.

Die antwoord lê in die roeping van ons Here Jesus Christus. Die roeping van ons Here Jesus Christus is nog nie voltooi hier op aarde nie. Hy word deur die God die Vader gestuur om al die sondes van die mens op Hom te neem. En dit is nie ’n taak wat sommer eensklap hier ’n dag of wat na Sy geboorte voltooi kan word nie. Nee, Christus moet opgroei, hy moet ons ontwikkel en volwasse

word. In hierdie proses, sal hy nog versoeking en veleidings van die bose ervaar. Sy pad hier op aarde sal vol beproewing wees.

Ons weet die bose het Hom nog verder en meer direk kom aanval. Ons ken die versoekings in die woestyn. Daar waar veral ook die geloof en geestelike sy van Christus aangeval en beproef is. Christus kan nie as baba sterf nie, omdat Hy ook na Sy mensheid as offer nog moet ontwikkel. Ons weet dat God heeltemal in staat was om Christus as volwasse man na die aarde te stuur ’n paar dae voor die kruisiging.

Maar Christus kom leef ’n vol lewe soos ons. ’n lewe wat in alle opsigte ook onderwerp is aan beproewings en versoekings. Maar as perfekte offer in ons plek, bly Jesus se lewe volmaak heilig. Met ander woorde Hy sondig nooit nie. Hy tree of dink selfs nie eers ooit in stryd met die wil van God nie.

4. ’n Oorwinnaarslewe onder bedreiging

Maar dan stop hierdie volmaakte offer in die lewe en liggaam van die Here nie by Hom nie. Sy roeping is juis ons, die liefde van die Vader vir ons as mense kinders. Ons Here Jesus Christus kom gee, kom offer hierdie volmaakte lewe en offer. Hy kom gee dit as offer aan die kruis sodat ons skuld voor die Vader betaal kan wees. Dat ons vrygespreek kan word op grond van hierdie volmaakte offer wat Christus bring.

Daarom kan die bose nie nou al seevier hier in ons teksgedeelte in die begin van die Mattheus evangelie nie. Trouens die bose seevier eintlik nooit nie. Nie eers aan die kruis oorwin die bose nie. Want dit is eintlik juis daar waar Christus se versoen werk ons losruk uit die kloue van die bose. Die bose en die sonde het nou nie meer die laaste sê oor ons nie. Ons kan reeds vandag al in oorwinning oor die bose lewe. Ja, selfs al staan ons letterlik in die middel van ’n massamoord soos in ons teksgedeelte, weet ons nog steeds dat ons lewe veilig in die hande van die Here.

Maar daar is meer aan hierdie oortuigings. Ons word nie maar verlos en uitegered om selfsugtig voort te gaan met ons eie lewens nie. Nee van die begin af is ons sonde as geskape mense van God, tot ontheiliging van God. Daarom wanneer ons verlos en gered is, is ons in staat om tot eer en verheerliking van die Here te leef. Ons het ’n nuwe lewe in die wedergeboorte as Christene. ’n Lewe wat tot welbehae van die Here geleef kan word. Kom ons gaan leef elke dag hierdie oorwinaarslewe tot eer en verheerliking van God alleen, selfs onder beproewing en bedreiging.

5. Slot

Ons kan vandag se leerdiens afsluit met die vraag: waarom sien ons so baie dood en lewensverlies rondom die verlosser, selfs kort hier na Sy geboorte. Die antwoord lê in die benoudheid van die bose, oor die koms van van Verlosser. Iets van hierdie laaste benoude spronge van die Satan, word uitgeleef in Herodes se optrede in ons teksvers.

Soos wat Herodes ten alle koste aan sy troon en mag wil vashou, wil die Satan ook. Ons weet dat hy later in die woestyn ook letterlik vir Christus versoek om hom te aanbid. Iets hiervan is natuurlik vandag nog ’n realiteit in ons lewens. Die satan wil ook mag oor ons hê. En daarom sien ons gereelde aanvalle op die kerk en veral die evangelie. Die bose wil nie hê dat die wêreld die wonderlike boodskap van die evangelie moet hoor nie. En daarom word daar soms alles in die stryd gewerp om die Evangelie en kerk belaglik te laat voorkom, soos ons ook weer vrydagaand met die olimpiese spele opening gesien het.

Maar dit is juis wanneer dit gebeur dat ons ook weer die troos in die redding en verlossing in die sterwe en opstanding van ons Here Jesus Christus ervaar. Die bose wat nie sal oorwin nie, wat trouens reeds gebind is deur Hom wat vir ewig op die Dawidstroon regeer. Ons Here Jesus Christus.

Daarom kan ons uiteindelik saam met Paulus in Fillipense 1 uitroep. 21want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins. 22As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie. 23Ek is in ’n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; 24maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe

Amen